



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2015**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40 punte) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat ŉ reël na elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

**SOKKER**



1. In Suid-Afrika is sokker die sport met die meeste ondersteuners. Dit beteken meer mense gaan kyk na sokkerwedstryde as na enige ander sportsoort. Een van die hoogtepunte in ons land se sokkergeskiedenis was die FIFA-Wêreldbekertoernooi wat in 2010 in Suid-Afrika gehou is. Dit was die eerste keer dat hierdie toernooi in Afrika gehou is.




2. Omdat die FIFA-Wêreldbekertoernooi in Suid-Afrika gehou is, is party van ons sokkerstadions verbeter. Daar is ook ŉ paar nuwe stadions gebou. Vandag het ons tien moderne stadions in Suid-Afrika. Die grootste stadion is Soccer City, wat naby die sokkermal Soweto geleë is. Hierdie stadion lyk soos ŉ Afrika-kalbas en het plek vir amper 95 000 mense.

3. Vanaf 1966 het elke FIFA-Wêreldbekertoernooi ŉ eie gelukbringer. In 2010 was Suid-Afrika se gelukbringer ŉ luiperd met die naam Zakumi. Hierdie naam is ŉ tipiese Afrika-naam. Die "ZA" in <u>Za</u>kumi dui op Suid-Afrika en "kumi" in Za<u>kumi</u> beteken "tien" in verskeie Afrika-tale. Zakumi is ŉ vriendelike, geel luiperd met groen hare.




***Zakumi***

4. Daar is verskillende soorte sokkerballe. Die beste sokkerballe word met sintetiese leer oorgetrek. Die bal wat in 2010 gebruik is, het ŉ Afrika-motief gehad. Die naam van hierdie bal, Jabulani, beteken "om bly te wees/om te vier" in Zoeloe. Die bal is met 11 kleure versier om Suid-Afrika se 11 amptelike landstale en die 11 spelers in die sokkerspan te simboliseer. Hierdie bal het net 8 panele. Die panele is vasgesmelt en nie vasgewerk, soos wat met die meeste sokkerballe gedoen word nie.

5. Die heel eerste paar sokkerstewels is in 1526 vir die koning van Brittanje gemaak om sy voete teen beserings te beskerm. Daarna het sokkerstewels baie verander. Die meeste fabrieke wat sokkerstewels maak, gebruik beesleer. In 1956 het Adidas kangaroeleer begin gebruik, want dit is ligter en sterker as beesleer. Die Goue Stewel-prys is ŉ goue stewel wat aan die persoon gegee word, wat in ŉ Wêreldbekertoernooi die meeste doele skop. Dit is die eerste keer in 1930 aan ŉ speler van Uruguay toegeken.



6. Sokkerhemde is eers van katoen gemaak, maar deesdae word dit van ŉ poliëster-maasstof gemaak. Hierdie sintetiese materiaal is lig en kan maklik asemhaal. Elke sokkerspan se hemp is ŉ ander kleur. Praat ons van "Orlando Pirates", dink ons aan swart. "Mamelodi Sundowns" is weer geel.

7. Vir baie Suid-Afrikaners is sokker deel van hulle lewens. Die kleurryke vuvuzelas is van lankal af deel van die Suid-Afrikaanse sokkerkultuur. Niemand weet presies waar die naam, vuvuzela, vandaan kom nie. Party mense meen dit kom van die Zoeloe-woord wat "maak geraas" beteken. Ander mense sê dit kom van die "vuvu"-klank. Die voorvader van die vuvuzela was 'n koedoehoring wat deur mense in Afrika geblaas is om mense bymekaar te roep. Deesdae word vuvuzelas van plastiek en selfs seebamboes gemaak.



8. Baie spelers, afrigters en ondersteuners van oorsese spanne hou nie van vuvuzelas nie. Hulle sê die geraas pla die spelers en maak mense se ore seer. In ons eie land gee vuvuzelas lewe aan sokkerwedstryde en moedig ons land se spelers aan. Dit maak sokker in Suid-Afrika uniek!

[Verwerk uit: *Huisgenoot Skooltake*]

1.1 In watter jaar is die FIFA-Wêreldbekertoernooi in Suid-Afrika gehou? (1)

1.2 Waarom was die FIFA-Wêreldbekertoernooi 'n hoogtepunt vir die hele Afrika? (1)

1.3 Voltooi die onderstaande sin deur die GETAL uit paragraaf 2 in te vul.

Soccer City is die grootste van ... (hoeveel) moderne stadions in Suid-Afrika. (1)

1.4 Waarom kan 'n mens sê dat Soccer City-stadion se vorm by die Afrika-kultuur pas? (1)

1.5 Watter EEN woord in paragraaf 2 sê vir ons dat die mense van Soweto baie van sokker hou? (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die letter (A–D) neer.

In ... is gelukbringers vir die eerste keer by FIFA-Wêreldbekertoernooie gebruik.

A 1930
B 1956
C 1966
D 2010 (1)

1.7 Sê waarvoor die "Za" en die "kumi" in die naam, *Zakumi*, staan. (2)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.8) en die letter (A–D) neer.

Waarmee word goeie sokkerballe oorgetrek?

A Beesleer
B Kangaroeleer
C Poliëster-maasstof
D Sintetiese leer (1)

1.9 Wat simboliseer die 11 kleure van die Jabulani-bal? Noem TWEE dinge. (2)

1.10 Die naam van die bal, Jabulani, beteken “om bly te wees/om te vier”. Waarom, dink jy, was dit ŉ goeie naam vir die bal? (1)

1.11 Waarom is die eerste paar sokkerstewels vir die Britse koning gemaak? (1)

1.12 Hoekom is dit beter om sokkerstewels van kangaroeleer te maak? Noem EEN rede. (1)

1.13 Watter prys word by ŉ Wêreldbekertoernooi toegeken aan die persoon wat die meeste doele skop? (1)

1.14 Waarom, sal jy sê, is dit nodig dat elke sokkerspan sy eie kleur moet hê? (1)

1.15 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

(Poliëster-maasstof/Katoen) is ŉ swaarder materiaal en haal nie so maklik asem nie. (1)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.16) en die letter (A–D) neer.

Sokker is vir baie Suid-Afrikaners meer as net ŉ sport; dit is ...

A tyd om vuvuzelas te blaas.
B deel van hul leefwyse.
C iets wat hulle anders maak.
D ŉ kans om hulle sokkerhemde te dra. (1)

1.17 Haal EEN woord uit paragraaf 7 aan waaruit ons kan aflei dat vuvuzelas verskillende kleure het. (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.18) en die letter (A–D) neer.

Waarom het die mense in Afrika vantevore op koedoehorings geblaas?

A Om mense bymekaar te roep.
B Om voorvaders te roep.
C Om ŉ geraas te maak.
D Om gees by sokkerwedstryde te skep. (1)

1.19 Alle vuvuzelas word van plastiek gemaak.

Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord met ŉ aanhaling uit paragraaf 7. (1)

1.20 Waarom hou buitelandse spelers en ondersteuners nie van vuvuzelas nie? Noem TWEE redes. (2)


1.21 Dink jy dit is reg dat ondersteuners vuvuzelas by sokkerwedstryde in Suid-Afrika mag blaas? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

## TEKS B: VISUELE TEKS

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.

### Almal wil kwalifikasies hê

**Universiteite word oorval deur aansoeke van matrikulante wat aan 'n universiteit wil studeer**




| | Universiteit | Aansoeke* | Plekke |
|---|---|---|---|
| 1. | Universiteit van Pretoria | 36 440 | 10 000 |
| 2. | Universiteit van Kaapstad | 25 000 | 4 200 |
| 3. | Universiteit van Stellenbosch | 15 000 | 5 000 |
| 4. | Universiteit van Wes-Kaapland | 34 000 | 4 000 |
| 5. | Universiteit van Johannesburg | 89 000 | 10 500 |
| 6. | Universiteit van Venda | 9 000 | 3 000 |
| 7. | Tshwane-Universiteit vir Tegnologie | 80 000 | 14 000 |
| 8. | Universiteit van die Vrystaat | 18 000 | 5 000 |
| 9. | Universiteit van KwaZulu-Natal | 75 000 | 9 500 – 10 000 |
| 10. | Noordwes-Universiteit | 19 800 | 8 540 |
| 11. | Cape Peninsula-Universiteit van Tegnologie | 32 100 | 9 280 |
| 12. | Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit | 37 796 | 5 750 |

*** Getalle aansoeke ontvang, maar studente doen dikwels aansoek vir meer as een kursus.**

[Uit: *Grafika 24*]

Kopiereg voorbehou 

1.22 Watter universiteit in Suid-Afrika het die minste plek vir nuwe eerstejaars? (1)

1.23 Watter universiteit in Suid-Afrika ontvang die meeste aansoeke? (1)

1.24 Watter provinsie in Suid-Afrika het die meeste universiteite? (1)

1.25 Waarom sal jy sê dat hierdie prentjies ŉ goeie manier is om universiteitskwalifikasies voor te stel?
Skryf ŉ rede vir elke prentjie se gebruik.



**Kap**



**Sertifikaat** (2)

1.26 Hoekom, dink jy, is dit makliker om die inhoud van hierdie teks in ŉ grafiek te lees, as in ŉ teks wat geskryf is? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2


## TEKS C: ROBBENEILAND

- Som die **BELANGRIKSTE FEITE** oor **ROBBENEILAND** in SEWE SINNE op.
- Skryf die SEWE feite PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**ROBBENEILAND**

ʼn Eiland is ʼn stuk land wat aan alle kante deur water omring word. Naby Kaapstad is ʼn klein eilandjie, Robbeneiland.

Deur die jare het mense verskillende name vir die eiland gegee. Die naam, Robbeneiland, is vir die eiland gegee omdat daar so baie robbe op die eiland is.



Daar is nie net robbe op die eiland nie. Daar is ook verskillende soorte voëls, soogdiere en reptiele op die eiland.

Baie lank terug was Robbeneiland ʼn plek waarheen melaatse mense gestuur is. Melaatse mense kon nie tussen ander mense woon nie omdat die siekte aansteeklik was.

Tot nie te lank gelede nie, was Robbeneiland ʼn tronk vir politieke gevangenes. Wyle Nelson Mandela was 27 jaar lank ʼn gevangene in hierdie tronk. Die laaste politieke gevangenes het die eiland in Mei 1994 verlaat.

Baie mense wat ons land besoek, wil graag Robbeneiland toe gaan. Daar is twee bote wat toeriste vanaf Kaapstad na die eiland vervoer. Toeriste kan die hele eiland besigtig; ook die Robbeneilandmuseum wat op 1 Januarie 1997 geopen is.

In 1999 is Robbeneiland tot ʼn wêrelderfenisgebied verklaar. Almal moet saamwerk om hierdie eiland vir die nageslag te bewaar.

[Verwerk uit: *Sien Suid-Afrika Visuele Feite*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**

Kyk na die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit: *Beeld*, 25 Oktober 2013]

3.1 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (3.1) en die letter (A–D) neer.

Watter SKRYFTEKEN word in die woord “Kliëntedienslyn” gebruik?

A Kappie
B Deelteken
C Koppelteken
D Aksentteken (1)

3.2 Skryf die sin oor en vul die LEESTEKEN in wat uitgelaat is.

Het jy enige navrae oor die aflewering van jou koerant (1)

3.3 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

*Beeld* is ’n bekende (tydskrif/nuusblad). (1)

3.4 Die woord "oproep" bestaan uit die volgende LETTERGREPE: op–roep.

Verdeel nou die woord "<u>sleutelwoord</u>" in LETTERGREPE. (1)

3.5 Waarom word *Beeld* met 'n hoofletter geskryf? (1)

3.6 Hoekom gebruik die adverteerder die voornaamwoorde "jy" en "jou" in die advertensie? (1)

3.7 Hoe word die naam van die adverteerder in die advertensie uitgelig? (1)

3.8 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

*Beeld* se lesers kry (elke week) ses koerante. (1)

3.9 Hoekom, dink jy, lê daar 'n bril op die gevoude koerant? (1)

3.10 Wat bedoel die adverteerder met "Ses van die bestes"? (1)
**[10]**

**VRAAG 4**

**TEKS E: SPOTPRENT**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit: *Weg,* September 2012]

4.1 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.

Die haarkapper werk (in die haarsalon) (elke dag) (hard).
**Begin só:** Die haarkapper werk … (1)

4.2 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.

Ek sny die graagste (dogters) se hare. (1)

4.3 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Ek hou my kam en my skêr hier in my (baadjie + sak). (1)

4.4 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Het Oom nie ŉ klein (skêr) nie? (1)

4.5 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE oor.

Simon sê: "Die skêr is baie groot en skerp."
**Begin só:** Simon sê dat … (1)

4.6 Kies die korrekte ANTWOORD tussen hakies.

"My skêr is skerp, maar nie <u>so skerp soos my vrou se tong</u> nie."

Die onderstreepte sinsdeel is ŉ voorbeeld van (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

4.7 Kies die korrekte BETEKENIS van die onderstreepte uitdrukking. Skryf slegs die vraagnommer (4.7) en die letter (A–D) neer.

Simon het <u>geen bang haar op sy kop nie</u>.

A Simon het baie hare.
B Simon is ŉ bietjie bang.
C Simon is baie bekommerd.
D Simon is ŉ dapper seun. (1)

4.8 Kies die korrekte VRAAGWOORD uit die raampie sodat die onderstreepte gedeelte van die sin die antwoord is. Skryf die hele sin uit.

| Waarin; Waarmee; Waarop |
|---|

Die haarkapper sny Simon se hare <u>met sy skerp skêr</u>.
**Begin só:** … sny die haarkapper Simon se hare? (1)

4.9 Skryf die sin in die LYDENDE VORM oor.


Die haarkapper sny Simon se hare.
**Begin só:** Simon se hare … (1)

4.10 Daar is ŉ paar dinge in die prentjie wat vir Simon bang maak. Noem EEN ding in hierdie prentjie, wat jy dink, vir Simon bang maak. (1)
**[10]**


## VRAAG 5

### 5.1 TEKS F: LEESTEKS


Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae.



**Hiëna**



**Aap**



**Haas**

**DIE HIËNA LEER SY LES**

Lank gelede het Hiëna in ŉ (5.1.1) vlak gat geval. Aap het Hiëna hoor roep: "Help my asseblief, (5.1.2) meneer Aap!"

Aap het ŉ (5.1.3) goed hart gehad. Aap het sy stert in die gat laat (5.1.4) sak en Hiëna uitgehelp. (5.1.5) Hiëna het vir Aap gevra om hom huis toe te dra.

Aap het Hiëna (5.1.6) (op/agter/teen) sy rug tot by Hiëna se huis gedra. Hiëna was honger en wou toe vir Aap opeet. Aap was (5.1.7) bang.

(5.1.8) Aap en Hiëna het in Aap se huis baklei. Aap het hard geskree, maar die ander diere het hom nie gehoor nie.

Net Haas het vir Aap hoor skree. (5.1.9) Haas het gevra wat aangaan. Aap het vertel wat gebeur het.

Haas het na albei se (5.1.10) storie geluister en toe aan ŉ slim plan gedink. Haas het vir Aap gevra of hy vir Hiëna kan dra. Aap het ja gesê. Haas het vir Aap gesê (5.1.11) ... Hiëna terug ... dra na die gat toe.

Aap het Hiëna teruggedra en hom in die gat teruggegooi. Hy het toe teruggeloop na sy eie (5.1.12) huis toe.

Niemand wou Hiëna help nie en hy het lank gesukkel om uit die gat te kom. Daarom hoor ons Hiëna soms nog (5.1.13) in die nag (5.1.14) hyl.

[Verwerk uit: *Wonderlike Afrika*]

Kopiereg voorbehou 

5.1.1 Gee die ANTONIEM van "vlak". (Reël 1) (1)

5.1.2 Skryf die AFKORTING vir "meneer" neer. (Reël 2) (1)

5.1.3 Gee die korrekte VORM van "goed". (Reël 3) (1)

5.1.4 Gebruik die woord "sak" in ŉ sin sodat dit ŉ ANDER BETEKENIS het. (Reël 3) (1)

5.1.5 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD oor.

Hiëna het vir Aap gevra om hom huis toe te dra.
**Begin só**: Hiëna … (1)

5.1.6 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 5) (1)

5.1.7 Gee die INTENSIEWE VORM vir "bang". (Reël 6) (1)

5.1.8 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM oor.

Die diere het baklei.
**Begin só**: Die diere ... (1)

5.1.9 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Haas het gevra wat aangaan. Aap het vertel wat gebeur het. (daarom) (1)

5.1.10 Skryf die MEERVOUD van "storie" neer. (Reël 11) (1)

5.1.11 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

Haas het vir Aap gesê ... Hiëna terug ... dra na die gat toe. (1)

5.1.12 Gee die VERKLEININGSVORM van "huis". (Reël 15) (1)

5.1.13 Gee EEN WOORD vir "<u>in die nag</u>". (Reël 17) (1)

5.1.14 Gee die korrekte SPELLING van die woord "hyl". (Reël 17) (1)

## 5.2 **TEKS G: PRENT**




[Uit: *Izakhono Zobomi, 3*]

5.2.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Sarie is besig om die (skottelgoed/wasgoed) te was. (1)

5.2.2 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL uit die praatborrel hierbo.

Sarie dink: "(Sies/Foei tog), kyk hoe vuil is die vloer!" (1)

5.2.3 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die praatborrel hierbo.

"Ek is kwaad vir my broer omdat (hy/sy/hom) die vloer so vuil getrap het." (1)

5.2.4 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Sarie het die vuil borde (op/agter) die wasbak gepak. (1)

5.2.5 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING vir die woord tussen hakies.

Die hoop borde is (hoog) as die koppies. (1)

5.2.6 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (5.2.6) en die letter (A–D) neer.

Sarie se woorde aan haar ma is ŉ voorbeeld van ...

A manipulerende taal.
B stereotipering.
C partydigheid.
D gevoelstaal. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. **Beantwoord NET die vraag oor die stories wat jy behandel het.**

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: *DIE OOREENKOMS* (20)**

**EN**

**VERHAAL B: *MY BROER SE KRAAI* (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: *DIE OOREENKOMS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> "Ek sê jou wat maak ek en jy, Willem. As ek voor jou te sterwe kom, kom spook ek by jou en as jy voor my te sterwe kom, kom spook jy by my. Dan weet die een wat agterbly."
> Willem moes ŉ hele rukkie hieroor dink. "Ek neem aan jy bedoel nou darem nie spook nie, Jakob, eerder dat die een die ander net ŉ teken sal kom gee."
> "Dis maar dieselfde ding …"
> Nege maande later is Willem, na drie dae in die hospitaal, oorlede.

6.1 In watter ouetehuis het die twee vriende, Willem en Jakob, gewoon? (1)

6.2 Wat het Jakob en Willem in die ouetehuis gedoen om die tyd om te kry? Noem EEN aktiwiteit. (1)

6.3 Die ouetehuis se bestuur het geweet dat Willem en Jakob whisky in hulle kamer gehad het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.4 Wie het vir Jakob vertel dat Willem dood is? (1)

6.5 Hoe weet ons dat Jakob baie hartseer oor Willem se dood was? (1)

6.6 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

Jakob en Willem het ŉ … aangegaan dat die een wat eerste sterf, vir die ander een ŉ teken sal kom gee.

| kontrak; plan; ooreenkoms |
|---|

(1)

6.7 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.7.1–6.7.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.7.1 | Jakob | A | … het nooit getrou nie. |
| 6.7.2 | Willem | B | … het vir die mans koekies en beskuit aangedra. |
| 6.7.3 | Sarah | C | … was jare lank bedlêend. |
| 6.7.4 | Andries | D | … het gesê ŉ ou vrou is ŉ lawwe ding. |
| | | E | … kon dalk vir almal vertel Jakob was bang vir spoke. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Toe bêre hulle Willem.
> Die Dinsdagoggend kom hy agter dat hy tog die nag ŉ ruk geslaap het. Hy sal nog ŉ paar nagte die lig laat brand, net om seker te maak dat Willem rus. Eintlik kan dit heeltemal gaan deur die dag, behalwe dat ou Sarah al meer lol. En halfses. Iets sê vir hom dis die tyd waarvoor Willem wag.

6.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.8) en die letter (A–D) neer.

"… dat Willem rus" (reël 3) beteken dat Willem …

A dood is.
B ŉ bietjie ontspan.
C ŉ rukkie slaap.
D televisie kyk. (1)

6.9 Hoekom dink jy, nes Jakob, dat Willem vir halfses gewag het? (1)

6.10 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Jakob het die bottel uit die wegsteekplek gehaal.
- Om halfses het die bottel gewoonweg oopgedraai.
- Om vyfuur het Jakob die deur gesluit.
- Jakob het gesukkel om die bottel oop te kry. (4)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.11) en die letter (A–D) neer.

Die les wat ŉ mens uit hierdie kortverhaal kan leer, is dat jy …

A ander mense moet respekteer.
B nie van ander mense moet skinder nie.
C ŉ man van jou woord moet wees.
D goeie vriende met ander mense moet wees. (1)

6.12 6.12.1 Hoe voel jy oor Jakob? (1)

6.12.2 Hoekom voel jy so? (1)

6.13 Hoekom kan ons sê die titel, *Die ooreenkoms*, pas by die gebeure in die verhaal? (1)

**EN**

**VERHAAL B: *MY BROER SE KRAAI* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Die middag was die kraai in sy hok. Maar dit het drie dae se geduld gekos om hom iets te laat eet. Hy was bang vir ons en hy het nie van die hok gehou nie.
Na ŉ week het hy in die hok begin rondstap en kort-kort sy vlerke gelig. Ná twee weke was die kraai gesond en kwaaier as ooit.

***

My broer se kraai was die duiwel in.

6.14 Wie het vir die kraai ŉ hok gebou? (1)

6.15 Wat was fout met die kraai toe hy in die veld opgetel is? (1)

6.16 Noem EEN ding wat die kraai gedoen het om te wys dat hy nie van die hok gehou het nie. (1)

6.17 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

Omdat die kraai homself beseer het, het die verteller se broer probeer om … aan die seerplekke te smeer.

| olie; kruie; salf |
|---|

(1)

6.18 Die verteller het nie gedink dat dit ŉ goeie idee was om die kraai in ŉ hok aan te hou nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.19 Waarheen het die kraai gevlieg nadat hy losgelaat is? (1)

6.20 Hoekom, dink jy, was dit reg van die broer om die kraai los te laat? (1)

6.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die verteller se broer het die kraai losgelaat.
- Die verteller het vir die kraai brood en vleis gegee om te eet.
- Na drie dae het die kraai weer teruggekom.
- Niemand het weer oor die kraai gepraat nie. (4)

6.22 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.22.1–6.22.4) en die letter (A–E) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 6.22.1 | Die verteller | A | … het vir die hoenders mielies gevoer. |
| 6.22.2 | Die verteller se broer | B | … het gesing op pad werk toe. |
| | | C | … het brood by die huis kom vra. |
| 6.22.3 | Simon | D | … wou nie ŉ papegaai hê nie. |
| 6.22.4 | Vossie | E | … het gesê dat as die papegaai kon besluit, sou hy homself loslaat. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> En ek het gesê: “Ja, oop is beter.”
> Die kraai het nie weer weggegaan nie. Bedags, ja. Bedags was hy meestal in die bos. Maar saans het hy teruggekom en in sy hok ingestap, en bewaar my broer se siel as daar nie vars water en brood en vleis is nie. **Hy sou blaas** en lag **en huil** en met sy vlerke teen die draad klap.
> Want van daardie Woensdag af was die kraai my broer s’n.

6.23 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.23) en die letter (A–D) neer.

“Hy sou blaas en lag en huil …” (reël 4) is ’n voorbeeld van …

A personifikasie.
B ’n vergelyking.
C ’n metafoor.
D ironie. (1)

6.24 Wat sou jy gedoen het as jy ’n voël wat seergekry het, in die veld opgetel het? (1)

6.25 Gee TWEE redes waarom jy hartseer sal wees as jou troeteldier wegraak. (2)

6.26 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.26) en die letter (A–D) neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is …

A omgee vir mekaar.
B versorging van diere.
C vryheid van keuse.
D hulp aan beseerdes. (1)

**[40]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG*** **– Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: *TANT NELIE SE VEERPLUIME* (20)**

**EN**

**VERHAAL B: *OM LAASTE TE KAN LAG* (20)**

**VRAAG 7**

**VERHAAL A: *TANT NELIE SE VEERPLUIME* – Henriette Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Kit het langs my gestaan toe die name uitgelees is.<br>Ek het sleg gevoel vir Kit se part, maar toe ek vir haar so sê, spring sy in ŉ kits om en sê skielik: "Sowaar, sowaar, dit sal nie weer gebeur nie. Elke keer as ek iets bak, is sy ook daar met daardie goed van haar. Die hoeveelste keer is dit nou? Maar so seker as ek hier staan, daardie resep sal ek kry. En onthou jy dit maar goed, Peet Brink, ... |

7.1 "Elke keer as ek iets bak, is **sy** ook daar met daardie goed van haar."

Wie is die "sy" van wie Kittie hier praat? (1)

7.2 Watter resep wou Kittie gehad het? (1)

7.3 Wat sou Kittie doen as Peet vir haar die resep in die hande kon kry? (1)

7.4 Kies die korrekte woord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

Peet het sy ... probeer ompraat om hom te help om die resep in die hande te kry.

| |
|---|
| ouma; ma; suster |

(1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Maar daardie aand het ek soos ŉ dief gevoel toe Ursa die kers opsteek. Dit was so hittete of ek draai daar op die plek om. En alles was so onnodig. Skielik het ek ongeduldig gevoel met Kit. Dit was haar skuld. Maar voor ek nog kon kop uittrek, was Ursa al halfpad kamer toe.

7.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (7.5) en die letter (A–D) neer.

"Maar daardie aand het ek **soos ŉ dief** gevoel toe ..." is ŉ voorbeeld van ...

A personifikasie.
B ŉ vergelyking.
C ŉ metafoor.
D kontras. (1)

7.6 Waarom het Peet soos ŉ dief gevoel? (Reël 1) (1)

7.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Peet het die resep vir Kittie gegee.
- Ursula het die kis oopgesluit.
- Ursula het die resepteboek onder in die kis gekry.
- Ursula het alles wat in die kis was, uitgepak. (4)

7.8 Nadat Peet die resep vir Kittie gegee het, het Peet met Kittie getrou.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.9 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.9.1–7.9.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.9.1 Peet | A ... is as koud en deftig beskryf. |
| 7.9.2 Kittie | B ... het grys oë en blonde hare gehad. |
| 7.9.3 Ursula | C ... was 'n stil mens. |
| 7.9.4 Tant Nelie | D ... het ligte oë en rooi hare gehad. |
| | E ... het donker oë en pikswart hare gehad. |

(4 x 1) (4)

7.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (7.10) en die letter (A–D) neer.

Watter les kan ŉ mens uit hierdie verhaal leer?

A Moenie sonder toestemming in ander mense se goed krap nie.
B Moenie ander mense dwing om jou te help nie.
C Moenie moeilikheid tussen ander mense veroorsaak nie.
D Moenie verkeerde dinge doen om ander se guns te wen nie. (1)

7.11 Wat sou jy gedoen het as jy Ursula was en Peet wou hê jy moet hom help om die resep vir Kittie te kry? (1)

7.12 Hoekom kan ons sê die titel, *Tant Nelie se veerpluime*, pas by die gebeure in die verhaal? (1)

7.13 7.13.1 Hoe voel jy oor Kittie? (1)

7.13.2 Hoekom voel jy so? (1)

**EN**

**VERHAAL B: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Streng gesproke moes oom Apie die swartskaap in ons familie gewees het, maar hy had ŉ manier om jou teen wil en dank van hom te laat hou. Hy was ŉ aweregse ou siel, maar voor jy jou kon kry, het jy daarvan afgesien om hom sy sondes toe te reken. Jy wou nog kwaad word, dan het hy jou al weer laat lag.
My mense is doodgewone mense.

***

Jy doen jou werk, trou, sorg vir jou gesin, word diaken of ouderling, gaan kuier Sondagmiddag, bepaal jou by jou sake. Jy is so gemaak en laat staan en so hoort dit ook. Die lewe is doodmaklik.

7.14 Waarom kan ons sê dat die verteller se mense doodgewone mense was? (1)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (7.15) en die letter (A–D) neer.

"Jy is **so gemaak en so laat staan** ..." beteken dat ...

A jy op jou voete staan.
B jy nie meer beweeg nie.
C jy nooit sal verander nie.
D jy iets nuuts maak. (1)

7.16 Noem EEN van die los werkies waarmee oom Apie sy vriende gehelp het. (1)

7.17 Noem EEN rede waarom die kinders baie van oom Apie gehou het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy had ŉ slag om uit die knyp te bly. Word hy in ŉ krisis gedompel, is dit nie lank nie of hy verhang die bordjies.
> Ek sien hom nog sit en lag dat sy magie so skud.
> Siek het ons hom nooit gesien nie ...
>
> ***
>
> Waar hy sy klere vandaan gekry het, weet niemand regtig nie. Want hy was altyd skoon aangetrek, sy knope was almal daar, sy sokkies was gestop en sy stewels was blink.

7.18 Oom Apie was lank en skraal gebou.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.19 Wie het oom Apie se klere versorg? (1)

7.20 Kies elke keer ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.20.1–7.20.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.20.1 Oom Apie | A … wou veertig jaar tevore se fout regstel. |
| 7.20.2 Die verteller | B … was nuuskierig. |
| 7.20.3 Oom Apie se jeugliefde | C … het almal altyd laat lag. |
| 7.20.4 Die verteller se familie | D … het in die buitekamer geslaap. |
| | E … was hardwerkend. |

(4 x 1) (4)

6.21 Kies die korrekte antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

... het Oom Apie aangeraai om met sy ryk jeugliefde te trou.

| Die kinders; Oom Apie se vriende; Pa en Ma |
|---|

(1)

7.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (7.22) en die letter (A–D) neer.

Oom Apie wou nie met sy ryk jeugliefde trou nie. Die les wat ons hieruit kan leer, is dat ...

A ander mense nie vir jou kan sê met wie jy moet trou nie.
B ŉ mens nie moet trou as jy al oud is nie.
C ŉ mens nie grappies moet maak van ernstige sake nie.
D geld nie liefde kan koop nie. (1)

7.23 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Oom Apie het in sy slaap gesterf.
- Nadat haar man gesterf het, wou die jeugliefde met oom Apie trou.
- Daar was baie mense by oom Apie se begrafnis.
- Oom Apie was veertig jaar lank alleen. (4)

7.24 Hoe sou jy die probleem met die weduwee opgelos het? (1)

7.25 Waarom, dink jy, het oom Apie ŉ baie gelukkige lewe gehad? (1)

7.26 Gee TWEE redes waarom die verteller waarskynlik baie hartseer oor oom Apie se dood was. (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou